

# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP SATERDAG, 24 APRIL 2021 OM 10H00 IN DIE REEBOK GEMEENSAPSAAAL

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

1.1 Greg Mitchell open die vergadering met gebed.

1.2 Verwelkomings: B. Pieterse verwelkom almal teenwoordig, asook die Raadslede van Wyke 4 en 5.

1.3 Verskonings ontvang.

- Eric Marais, Pieter le Roux, Sollie Grobler, Johan Spies en Kobus Goosen.
- Die Voorsitter spreek sy teleurstelling uit t.o.v die swak opkoms, dankbaar dat ons wel 'n kworum kon vorm vir goedkeuringdoeleindes. Voorsitter lê klem op die betrokkenheid van die gemeenskap by die BBV, veral met klem op die toekoms.

### 2. KENNISGEWING VAN SAKE NIE OP AGENDA

Nuwe Dae vir vullisverwydering

Watertariewe verhoging wat nie goed gekommunikeer was met gemeenskap.

Ontwikkeling (Laekoste Behuising tussen N2 & R102)

### 3. VOORLEGGING EN GOEDKEURING VAN AJV NOTULE dd 17 DESEMBER 2019

Notule word goedgekeur deur Gerhard vd Westhuizen en gesecondeer deur Frik Nel.

### 4. SAKE VOORTSPRUITEND

Voorsitter gee terugvoering rondom die vordering en afhandeling van die volgende punte:

- R102 & DR 1578 - afgehandel
- Kragonderbrekings- omskakelings toevoer voltooi, stelsel meer betroubaar.
- Riool Netwerk- proses vorder goed, vrae word gestel rondom aansluitfooie en of dit verpligtend is. Voorsitter en Raadslid Anton gee duidelikheid rondom dit .Tevredenheid in die groter prent en die noodsaaklikheid daarvan is duidelik.
- Power Town – Raadslid Wyk 4 verduidelik die situasie i.t.v Fase 3 van die verskuiwing van mense.

- Belastingverligting vir Pensioenarisse & Deernis huishoudings – Voorsitter doen ‘n beroep op Pensioenarisse om hierdie geleentheid aan te gryp en verduidelik die voorwaardes vir die verligting voordeel.

## **5. VOORSITTERSVERSLAG**

Goedgekeur deur Frik Nel en gesekondeer deur Louis Cook.

## **6. FINANSIËLE VERSLAG**

Goedgekeur deur Anton Dellelijn en gesekondeer deur Kwartus Sieberhage.

## **7. ALGEMENE SAKE VIR BESPREKING**

- GB Rooikat Projek ( Depolimerisation van swaar afval)- BBV nie deel van GBOF nie.
- Nuwe Konsep Grondwet vir MBBV. Voorsitter deel die vergadering mee dat aanpassing in die grondwet noodsaaklik is a.g.v die veranderende omstandighede. Die belangrikste word voorgehou nl. die voorsiene Primêre en Sekondêre rol van die BBV. Mnr George Nezar versoek dat ‘n werksessie van die komitee die konsep verder uittrap en dat voorgelê kan word vir goedkeuring tydens die AGM vir Des. 2021.
- Sypaadjies versiering. – Beleid en wetgewing. Hierdie bly ‘n padreserwe en nie privaat eiendom nie. Verfraaiing word hoog op prys gestel, maar voetgangers kan nie forseer word om op die ryvlak van die pad te loop nie. Die bou van rotstuine en Rotse op die reserwe om te verhoed dat voertuie daar kan beweeg, maak die erfeienaar oop vir eise ingeval ‘n motor beskadig sou word indien dit die ryvlak sou verlaat wat ookal die rede. Indien werk deur die Munisipaliteit in die reserwe gedoen moet word op infrastruktuur, is dit nie die Mun. se verantwoordelikheid om enige tuine te herstel soos dit was nie-bly eienaars se verantwoordelikheid.
- Afdakke by huise - Skadunet en/of solied: Skakel verkieslik met die bouafdeling om seker te maak of bouplanne nodig is, voor met die projek begin word.
- Kleinbrak Estuary Bestuursplan—Kobus Kotze Voorsitter.

## **8. AANVULLENDE SAKELYS i.t.v Par 2**

a.Nuwe dae vir vuilisverwydering: Rdl Anton lig die vergadering in dat m.i.v 1 Junie 2021 Midbrak gebied se verwydering sal plaasvind op ‘n DONDERDAG. Hierdie sal wel in die koerant en nuusbriewe met die gemeenskap gekommunikeer word.

b. Watertariewe verhoging (kommunikasie) probleem. Voorsitter verduidelik dat Covid veral, en vele ander faktore bygedra het tot hierdie tendens. Voorsitter noem weer dat betrokkenheid van inwoners, Facebook blad en WhatsApp groep en Webblad van BBV juis daargestel is om kommunikasie te verbeter. Op begroting word ook behoefte geplaas van kennisgewingborde om belangrike boodskappe oor te dra aan die gemeenskap.

c. **BESPREKING MET MAYCO/MM (April 2021):** Voorsitter lig die vergadering in t.o.v probleemareas soos hieronder bespreek met die Bestuur van Mosselbaai. Die BBV sal 'n vergadering belê met die MM en onderskeie Direkteure, om uitsluitel te kry sover die pad vorentoe aangaan.

- Werkbare dienste @ bekostigbare tarief
- Status as beste Munisipaliteit – Implikasies
- Water beskikbaarheid
- Koste/Tarief verhogings 2019 Fin aanbieding deur Mun
- Wetstoepassing
- SANRAL/Provinsie Pad/Skouer Onderhoud
- Varkboerdery wes van Mosselbaai, Onaanvaarbaarheid
- Stormwater Problematiek Midbrak( Seekat, Dassie slot & Louis Fourie in Kleinbrak)
- Rioolwater as tuin besproeiing – onaanvaarbaar. Mun om kennisgewing uit te sit om hierdie praktyk te staak.

d. **BEGROTINGS TERUGVOER 20/21, 21/22** Voorsitter gee terugvoer rondom die GOP en voorgestelde begroting van die Mun. Finale GOP insette om voor 30 Apr ingedien te word.

#### **KAPITAALBEGROTING (R241M)**

|                                       |         |       |
|---------------------------------------|---------|-------|
| • Capital Replacement Reserve(Intern) | R122,5M | 50,8% |
| • Municipal Infrastructure Grant      | R21,9M  | 9,1%  |
| • Dept Human Settlement               | R53,9M  | 22,4% |
| • Loan                                | R30,3M  | 12,6% |
| • MTigg Grant                         | R2,6M   | 1,1%  |

#### **OPERASIONELE BEGROTING (R1,052B) - INKOMSTE**

|                      |       |     |
|----------------------|-------|-----|
| • Eiendom belasting  | R167M | 12% |
| • Elektrisiteit      | R563M | 40% |
| • Water              | R154M | 11% |
| • Riool              | R86M  | 6%  |
| • Vuilis verwydering | R82M  | 6%  |

#### **OPERASIONELE BEGROTING (R988,5M) – UITGAWES**

|                               |         |       |
|-------------------------------|---------|-------|
| • Salarisse                   | R386M   | 28,3% |
| • Salaris Raadslede           | R15M    | 1,1%  |
| • Bulk Aankope (Water & Krag) | R411M   | 30,3% |
| • Uitgekontraakteurde Dienste | R176,5M | 12,9% |

#### **VERHOGINGS: BELASTING EN DIENSTE**

|                     |        |   |
|---------------------|--------|---|
| • Eiendom           | 5,5%   |   |
| • Riool             | 5,5%   |   |
| • Vuilisverwydering | 5,5%   |   |
| • Water             | 5,5%   |   |
| • Elektrisiteit     | 14,59% | (ESKOM verhoging is 17,8% vir Bulk Aankope) |

## SUBSIDIES/KORTINGS VIR PENSIONARISSE

- Tot R17200 pm – 50%
- Tot R23000 pm -30%

### 9. VERKIESING /AANVULLING VAN KOMITEE

- 9.1 RIVERSIDE – 2 lede- Kobus Kotze en (1 vakant)
- 9.2 KLEINBRAKRIVIER -2 lede – Pieter le Roux en Francios Malan
- 9.3 FRAAIUITSIG – 2 lede – Frik Nel en Greg Mitchell
- 9.4 REEBOK(Bokant die Spoor)-2 Lede- Sollie Grobler en (1 Vakant)
- 9.5 REEBOK (Onderkant die Spoor)-2 Lede- Cecil Barry en Abrie Viljoen
- 9.6 REEBOKRIF – 2 Lede- Eric Marais en Lodewyk de KLERK
- 9.7 REEBOKHOOGTE – ( Neels Pelser) – 1 Vakant
- 9.8 TERGNIETHOOGTE – 2 Lede – George Nezar en Willie Botha
- 9.9 TERGNIET -2 Lede- Johan Spies en (1 Vakant)
- 9.10 De LANGE UITB1 – Ann Pretorius
- 9.11 Groenkloof/Rheebok Village - ( 2 Lede Vakant)

Voorsitter versoek vrywilligers om deel te word van die bestuur – Neels Pelser vir Reebokhoogte enigste wat sy gewig wil ingooi saam met die span. Dankbaar daarvoor.

Ons is ook dringend op soek na 'n Sekretaresse om ons te help. Ek doen 'n beroep op die gemeenskap om eienaarskap te aanvaar vir wat gedoen word in MIDBRAK Gebied.

### 10. AFSLUITING



.....

Nms:VOORSITTER MIDBRAKBELASTINGBETALERS VERENIGING